1 AUGUSTUS 2025

Geagte Ouers/Voogde

**VERPLIGTE VOLTOOIING VAN DIE GRAAD 12 TOERISME PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

Hierdie brief dien om u in te lig oor die toekomstige Toerisme Praktiese Assesseringstaak wat u seun/dogter MOET voltooi. Hierdie taak vorm deel van die assesseringsvereistes vir die 2025 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) - eksamens, soos in die Kurrikulumassesserings-beleidsverklaring (KABV) bepaal word.

Vir u seun/dogter om sy/haar Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat te ontvang, **moet hy/sy hierdie VERPLIGTE Praktiese Assesseringstaak voltooi** *(met verwysing na bladsy 33 Artikel 29 subparagraaf (1) van die Nasionale Beleid rakende die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R - 12 -dokument).*

**Versuim** om sy/haar Praktiese Assesseringstaak te voltooi, sal die eksamen as **ONVOLTOOID** beskou word en kan dit tot gevolg hê dat u seun/dogter **NIE** sy/haar matriekuitslae aan die einde van hierdie akademiese jaar ontvang nie.

Die skryf van die Praktiese Assesseringstaak (PAT) vind plaas onder gekontroleerde omstandighede by die skool, gedurende spesifieke geskeduleerde datums en tydsraamwerke, soos deur die skool bepaal word. Kandidate moet dus op **ALBEI DATUMS** by die skool aanmeld vir die voltooiing van die Toerisme Praktiese Assesseringstaak**, soos in die onderstaande tabel aangedui word.**

**Die datums en tye waarop die Graad 12 Toerisme Praktiese Assesseringstaak by die skool geskryf word, word in the tabel hieronder gegee:**

| Datums | | Tye (insluitend pouses) |
|---|---|---|
| Dag 1 | 5 Augustus 2025 | 09:00 – 11:00 |
| Dag 2 | 6 Augustus 2025 | 11:30 – 13:30 |

Ons is vol vertroue dat u ons sal bystaan in ons pogings om te verseker dat u seun/dogter **ALBEI dae** by die skool teenwoordig is om hul **VERPLIGTE Toerisme Praktiese Assesseringstaak** te voltooi, ten einde die beste moontlike akademiese resultate aan die einde van hul graad 12 akademiese jaar te behaal.

**Voltooi asseblief die antwoordstrokie hieronder om die ontvangs van hierdie belangrike brief te bevestig.**

Ek …………………………………… ouer/voog van Graad 12- leerder ....................................

bevestig hiermee die ontvangs van die bogenoemde brief**. Ek verstaan ten volle die belangrikheid dat my seun/dogter op ALBEI dae asook op** ___________________________ by die skool teenwoordig sal wees, om sy/haar Toerisme Praktiese Assesseringstaak te voltooi. Leerders mag geen les van nou af tot en met die eksamen wat op 1 September 2025 begin, mis nie.

Handtekening van ouer/voog: ……………………………………………………

Handtekening van graad 12- leerder: ……………………………………………

Datum: ……………………………………